HOËRSKOOL LABORI

NUUSBRIEF

VIERDE KWARTAAL – 2021

Beste Labori-Ouers/Voogde

Ons kyk met groot dankbaarheid terug na ‘n baie uitdagende jaar. Graag bedank ek elke ouer, leerder en onderwyser vir elkeen se bydraes en ondersteuning.

AKADEMIE

Baie geluk aan elke leerling wat hierdie jaar suksesvol voltooi het. Die nie-inhandiging óf laat inhandiging van take en projekte, asook onnodige en langdurige afwesigheid, was in baie gevalle die oorsaak dat sommige leerlinge nie geslaag het óf bevorder kon word na die volgende graad nie. Evaluering vind in alle grade deurlopend plaas en daar kan nie gewag word vir die eindeksamen om te begin werk nie.

Ten opsigte van die rapportopmerkings by Graad 8 en Graad 9, is dit belangrik om daarop te let dat, indien u kind se opmerking aandui dat daar ‘n aanpassing in ‘n vak(ke) was, dat hy/sy moonltik ‘n grensgeval was. Só ‘n leerder moet verkieslik nie dié vak wat aangepas is, in graad 10 neem nie. Indien die opmerkings lui: “Bevorder met kondonering” in Wiskunde, beteken dit dat só ‘n leerling slegs oorgeplaas word na die volgende graad en beslis nie Wiskunde of Tegniese Wiskunde in Gr. 10 kan neem nie. Só ‘n leerling MOET Wiskundige Geletterdheid in Gr. 10 neem en kan dus nie in die Tegniese Rigting voorgaan nie. Dit moet die gevaarligte laat flikker ten opsigte van volgende jaar, aangesien die werk beslis moeiliker en meer sal raak. So ‘n leerling is moontlik ‘n sterk kandidaat vir opleiding aan ‘n VOO-kollege. Die ouers van sulke leerlinge word uitgenooi om my te kom sien sodat ons u kind se toekoms kan bespreek.

Leerlinge wat bevorder is weens “jare in fase”, moet kennis neem dat hulle in werklikheid nie geslaag het nie en slegs oorgeplaas is. Hulle het dus nog steeds slegs dié kwalifikasie van die laaste graad wat hulle wel geslaag het. In sommige gevalle is hierdie laaste werklike kwalifikasie Graad 7 en dit sal so bly tot ‘n volgende graad wat werklik volgens die bevorderingsvereistes geslaag word. Leerders wie in Gr. 10 en Gr. 11 oorgeplaas is weens ‘jare in fase’ moet ernstig oorweeg om die kollege opsie te volg.

Daar is heelwat leerlinge in Gr 10 – Gr 12 wat moontlike vakveranderings moet oorweeg, ten einde sukses vorentoe te verseker. Hier moet veral gekyk word na Wiskunde en Fisiese Wetenskap. Die huidige Gr. 9 leerders se vakkeuses vir Gr. 10 is reeds aangebring op die stelsel, indien daar van hierdie leerders is wat hul vakke wil verander moet hul die nodige vakveranderingvorm by die Algemene kantoor kom afhaal in die begin van 2022. Die sperdatums vir vakveranderings op die Departementele Stelsel, in die verskillende grade is reeds vroeg in 2022, so die nodige vorms moet so gou as moontlik in die nuwe jaar by die Algemene Kantoor afgehaal word.

Ouers/voogde wat appél wil aanteken teen hul kind se promosieuitslag, moet ‘n appélvorm invul en rig aan die skool se Skoolassesserings-onreëlmatigheidskomitee teen die eerste Vrydag nadat die skole in Januarie heriopen het. Dié vorm is by die skool beskikbaar. Die uitslag sal binne vyf dae na ontvangs van die appél deur die prinsipaal aan die ouer of voog oorgedra word. Indien die ouer

nie tevrede is met die uitkoms van die appél nie, mag hy of sy appél aanteken by die Distriksdirekteur, binne drie dae na ontvangs van die uitkoms.

Dit is belangrik om daarop te let dat die leerling in die graad bly in 2022, soos wat op sy jaareinde rapport aangedui word, tot tyd en wyl die appél eers deur die skool en later op distriksvlak afgehandel is. Die sluitingsdatum vir die aanteken van appélle is 21 Januarie 2022.

Die Graad 12 uitslae sal by die skool beskikbaar wees op 21 Januarie 2022 vanaf 12:00.

Die Top-10 akademiese leerlinge in elke graad word volgende jaar tydens die Akademiese dinee op 25 Januarie 2022 bekend gemaak. Uitnodigings na die Akademiese Funksie sal op 19 Januarie 2022 aan dié leerders gegee word, aangesien ons op hierdie stadium nog nie seker is hoeveel mense ons mag uitnooi nie.

SKOOL FINANSIES

Die begrotingsvergadering is op 4 November 2021 gehou, waartydens ‘n resolusie aanvaar is vir die verpligte betaling van skoolgelde vir die 2022 skooljaar. Die skoolgelde vir 2022 beloop R23 750 per jaar. Hierdie bedrag mag oor tien maande betaal word (vanaf Februarie tot November), teen ‘n maandelikse paaiement van R2 375 per maand. Indien daar ‘n eenmalige betaling gemaak word teen 31 Januarie 2022, is daar ‘n 10% afslag op die totale bedrag.

Die aansoekvorms vir gedeeltelike óf volle vrystelling van skoolgelde, is vanaf 17 Januarie 2022 by die skool beskikbaar. Die kriteria en prosedures wat gevolg moet word, sal dan ook beskikbaar gestel word. Die sluitingsdatum vir persoonlike inhandiging van volledig voltooide vorms is 14 Februarie 2022. Kontak gerus die Finansiële kantoor vir meer inligting.

Koshuisgeld beloop R35 350 per jaar. Hierdie gelde is betaalbaar op een van die volgende maniere: R3 535 per maand vir 10 maande (Feb – Nov), óf R8 837,50 per kwartaal vir 4 kwartale (Betaalbaar in Februarie, April, Julie en Oktober). Koshuisgelde is streng vooruitbetaalbaar. Daar is geen korting beskikbaar op koshuisgelde nie.

PERSONEELSAKE

Twee personeellede verlaat Labori aan die einde van die jaar. Juf. Breytenbach was vir 30 jaar een van ons senior Wiskunde en Fisiese Wetenskap opvoeders en sy tree die einde van Desember af, na 40 jaar in die onderwys. Juf. Breytenbach het diep spore getrap in ons skool en was vir baie leerders ‘n tweede ma en inspirasie vir hul volwasse lewens. Labori sal haar beslis mis en ons wens haar ‘n voorspoedige aftrede en welverdiende rusperiode toe.

Mev. Susan de Lange (Finansiële beampte) tree ook na 16 jaar diens aan die einde van die jaar af. Mev. De Lange het ’n groot rol gespeel om te sorg dat Labori nog finansieël kop bo water kan hou. Die bestuur van ‘n skool se finansies in die huidige moeilike ekonomiese omstandighede, is nie ‘n maklike taak nie en sy het haarself uitstekend van haar taak gekwyt. ‘n Lekker rustige aftrede op hul plaas in die Noord-Kaap is haar voorland en ons weet sy gaan dit baie geniet. Ons sal haar baie mis!

DIE BURGER JEUGLEIERKONFERENSIE

Baie geluk aan ons Hoofdogter, Chelsea Julius, wat gekies is om hierdie deel te neem aan Die Burger se Jeugleierskonferensie. Dié konferensie wat jaarliks, in samewerking met die WKOD, aangebied word, word vanajaar vanaf 13-15 Desember in virtuele format gehou. Slegs 50 jeugleiers

uit die Wes-, Oos- en Noord-Kaap word gekies om heraan deel te neem. Ons sien uit daarna om haar terugvoering te hoor!

VERTEENWOORDIGENDE RAAD VAN LEERLINGE 2022

Die volgende leerders is verkies tot die VRL vir 2022

Graad 9 - Marizelle Nel, Melissa Nel, De Wet Pretorius

Graad 10 – Kayla Coetzee, Lawrence Colombo, Joshua Gempies, Luke Joseph, Kailin Morris en Dawn Vos

Graad 11 – Asheeqah Abrahams, Cassidy Baadjies, Henry Ellis, Anika Flemming, Heinrich Lategan, Matthys Nieuwoudt, Mia Pentz, Migael Scheepers, Winleigh Smit

Graad 12 – Arsene Adams, Jani de Kock, Hein Gericke, Marhelene Goosen (Onder-hoofdogter/Sekretaris), Carly Hoffman, Frikkie Janse van Rensburg, Chelsea Julius (Hoofdogter/Onder-Voorsitter), Reece Julius, Keasha Noudt, Ian Otto, Jonathan Smit, PG Vosloo (Hoofseun/Voorsitter), Harmony Williams, Joshua Williams (Onder-Hoofseun/Tesourier), Thabo Zulu

SKOOLDRAG EN VOORKOMS

Dit is u, as ouer, se plig en verantwoordelikheid om toe te sien dat die kind, wat u by ons ingeskryf het, help om te bou aan die nodige skooltrots. Enige leerder wat op die eerste dag nie aan die voorskrifte ten opsigte van skooldrag en voorkoms voldoen nie, sal huis toe gestuur word ten einde die saak reg te stel.

Maak dus asb. seker dat u seuns se hare volgens die voorgeskrewe skoolreëls gesny is en dat hy wél geskeer is voordat hy skool toe kom. Ons ondervind tans dat baie van die dogters se rompe te kort is en dit bring onder andere die volgende probleme mee: wanneer hulle die trappe opstap en wanneer hul sit, trek die rompe op en raak die onderklere sigbaar. Dit is ‘n verleentheid vir ons as personeel en die ander leerders en vra ons dus dat u as ouer sal toesien dat u dogter se romp lank genoeg is. Daar is ook baie dogters wie se hare gekleur is en wie se naels te lank is en geverf is, die skoolreëls is baie duidelik hieroor. Ons versoek dus u as ouers se samewerking ook in dié verband.

AANSOEKE 2023

Die aanvraag na plekke by skole in die Wes-Kaap groei jaarliks. Om toelatings so doeltreffend as moontlik te kan bestuur, word skole versoek om by die spesifieke tydraamwerk, soos vasgestel deur die WKOD, te hou.

Die aansoeke vir 2023 open op 14 Maart 2022 en sluit weer op 15 April 2022. Aansoeke moet direk op die WKOD se aanlynstelsel gedoen word en ‘n Labori aansoekvorm moet ook voltooi word en by die skool ingegee word, tesame met die dokumente, soos vereis. Slegs aansoeke wat hou by dié aanwysings, soos deur die WKOD bepaal, sal in aanmerking kom vir plasings.

Soos in die verlede, sal leerders wat aansoek doen vir Gr 8, moet inkom vir die aflê van 'n Tegniese Aanlegtoets. Besprekings hiervoor kan vanaf Februarie 2022 gedoen word. Ons Opedag sal plaasvind op 1 Maart 2022.

SKOOLTASSE

Die skoolreëls is baie duidelik aangaande die tipe skooltas wat leerlinge moet hê. Slegs die Labori tas word toegelaat. Ons is nog een van die min skole waar leerders nie ekstra hoef te betaal vir hul skryf- of handboeke nie. Die koste van handboeke kan tot R2 000 per leerling beloop. Help ons asb. om gereeld te kyk na die toestand van u kind se tas, die handboeke en werkboeke. Maak seker dat u kind se boeke met stewige plastiek oorgetrek word. Die graad 8's word weer volgende jaar uitgereik met 'n Labori skooltas, waarvoor die ouers reeds betaal het. Daar mag geen slagspreuke of onnodig geskryf word op die tasse nie. Verkieslik moet slegs die naam van die leerling op sy/haar tas verskyn. Leerlinge in die ander grade, wie se tasse nie meer op standaard is nie, kan tasse aankoop by die Finansiële kantoor teen R300 elk.

KAFETERIA

Goeie nuus! Vanaf Januarie 2022 sal die Obelix Kafeteria weer daagliks oop wees vir verkope van eet- en drinkgoed. Die O/19 Rugbyspan het onderneem om die Kafeteria te bedryf, ten einde te help met hul toeronkostes vir 2022.

KRIEKET

Ons krieket is alreeds weer volstoom aan die gang, met ons 0/15A en 0/19A spanne wat reeds hul eerste wedstryde gespeel het. Beide spanne het onderskeidelik baie goeie wenne gehad en ons sien uit na wat die toekoms vir veral ons 1ste span inhou. (Mnr Kershoff)

SPORTPROGRAM 2022

Ons hoop en vertrou dat ons in 2023 weer stelselmatig sal begin terugkeer na ons gebruiklike Sport- en buitemuurse programme. Hiermee die oefentye van die onderskeie sportspoorte, nl.:

SPORT	SPAN	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG
KRIEKET	O/14A	15:00 – 16:00		15:00 – 16:00		
	O/15A	15:00 – 16:00		15:00 – 16:00		
	O/19B		15:00 – 16:00		15:00 – 16:00	
	O/19A	15:00 – 16:00	15:00 – 16:00		15:00 – 16:00	
ATLETIEK			15:00 – 16:00		15:00 – 16:00	
TENNIS (HTP)			16:30 – 17:30	15:00 – 16:00		
TENNIS (BETHEL)		Wedstryde				
GHOLF						
RUGBY (Pre-season)		16:00 – 17:00	16:00 – 17:00		16:00 – 17:00	
HOKKIE (Pre-season)			16:00 – 17:00		16:00 – 17:00	
NETBAL (Pre-season)			15:30 – 16:30		17:00 – 18:00	
Gholf		15:00 – 16:30			15:00 – 16:30	

SKOOLKWARTALE EN UITNAWEKE 2022

KWARTAAL	KWARTAAL BEGIN	KWARTAAL EINDIG	UITNAWEKE
Eerste Kwartaal	17/01/2022 (Onderwysers) 19/01/2022 (Leerders)	25/03/ 2022	04 - 06 Februarie 04 – 06 Maart
Tweede Kwartaal	05/04/2022	24/06/2022	29 April – 2 Mei 27 – 29 Mei
Derde Kwartaal	19/07/2022	30/09/2022	05 – 09 Augustus 02 – 04 September
Vierde Kwartaal	11/10/2022	14/12/2022 (leerders) 15/12/2022 (opvoeders	28 – 30 Oktober 25 – 27 November

OPENBARE EN SKOOLVAKANSIEDAE IN 2022

01 Januarie 2022 – Nuwejaarsdag
21 Maart 2022 – Menseregtedag
15 April 2022 – Goeie Vrydag
18 April 2022 – Gesinsdag
27 April 2022 – Vryheidsdag
01 Mei 2022 – Werkersdag
02 Mei 2022 – Openbare vakansiedag
16 Junie 2022 – Jeugdag
17 Junie 2022 – Spesiale Skoolvakansiedag
09 Augustus 2022 – Nasionale Vrouedag
24 September 2022 - Erfenisdag

KONTAKBESONDERHEDE

Maak asb. seker dat u die skool in kennis stel van enige adresverandering, sowel as selnommers, wat dalk sou verander. Ouers wat gedurende die skoolvakansie verhuis het, moet asb. onthou om hul nuwe adresse so gou moontlik aan ons te verskaf. Dit maak kommunikasie in geval van nood baie makliker, indien ons die regte kontakbesonderhede van ons ouers het.

UITGEE VAN HANDBOEKE EN SKRYFBOEKE 2022

Ten einde die nuwe jaar so glad as moontlik te laat verloop, het ons besluit om die leerders die geleentheid te gee om hul Skryf- en Handboeke reeds vanaf Maandag, 17 Januarie by die skool te kom afhaal. Sodoende gaan waardevolle onderrigtyd nie verlore tydens die eerste week van die nuwe kwartaal nie. Die datums en tye vir die afhaal van hand- en skryfboeke by die boekestoor, is soos volg: Gr 8 leerders – Onvang hul boeke, saam met hul tasse tydens die Gr. 8 kamp.

Gr. 9 en Gr. 11 leerders - Maandag, 17 Januarie 2022 vanaf 13:00 tot 16:00

Gr. 10 en Gr. 12 leerders – Dinsdag, 18 Januarie 2022 vanaf 13:00 – 16:00

Diegene wat nie hul boeke op bogenoemde tye kan afhaal nie, sal op die eerste skooldag op 19 Januarie 2022 die geleentheid kry om hul boeke in ontvangs te neem.

Groete

J Batt
SKOOLHOOF

Met beste wense van Hoërskool Labori Personeel en Beheerliggaam